

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 47: Re'eh – Kyk! Sien! Let Op!

Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor. Deut. 11:26 – PWL¹

Torah: Deut. 11:26 tot 16:17

Haftorah: Jes. 44:11 tot 45:5.

Nuwe Verbond: 1 Joh. 4:1 tot 6; Matt. 7:15 en 24:11; 2 Pet. 2:1 tot 22; 2 Kor. 5:9 tot 13 en 6:17; Open. 18:4; Jak. 2:15 en 16; 1 Joh. 3:16 tot 18; Heb. 4:1 tot 11; Rom. 2:5 tot 11

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 47 wat afgelaai kan word by: [Parashah47Notas14](#) en [Parashah47Notas15](#) en [Parashah47Notas16](#).

Joseph Herrin skryf die volgende in sy boek: “Attractive Deception – The False Hope of the Hebrew Roots Movement”:

When I observe Christians mindlessly imitating the behavior of apostate Jewish rabbis who have rejected Yahshua as their Messiah, I marvel, wondering what errors of the rabbis they will not imitate. To follow the behavior and traditions of men without testing them against the Spirit and the Word of God is not wisdom. It is little wonder that these same individuals embrace other errors associated with apostate Judaism such as celebrating Hanukkah, wearing the kippah or tallit, adorning themselves, their homes, or churches with the Luciferian symbol falsely called the Star of David, or mimicking the Sabbath candle-burning rituals which are a form of witchcraft.

If you are one who has been guilty of doing such things and are now having your eyes opened to see the error present in these actions, my intent is not to shame you. Rather, I

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

would have you consider how you arrived at these actions. Did you abandon the discipline all disciples of Christ should manifest by failing to test carefully the doctrines, symbols, rites, and holidays that other men and women were introducing you to?

Torah Bespreking

Hersiening

In vorige notas is die betekenis van *sh'ma*, *sh'mar* en *asah* bespreek. Opsommend is die betekenis soos volg:

Om te *sh'ma* is om te hoor wat YHVH sê en dit te bewaar (*sh'mar*) en presies daarvolgens te handel (*asah*). Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings onmiddelik vervang word, of aangepas word, om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur YHVH gespreek is. Dit is die vernuwing van denke soos Paulus dit in Rom. 12:2 verduidelik.

en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Alleenlik diegene wat YHVH se Torah soos dit in die nuwe verbond vervul is, hoor, bewaar en nougeset nakom, sal voorspoedig wees in alles wat hulle doen. Daarom is dit van uiterste belang om te verstaan wat YHVH se Torah van die nuwe verbond behels, want dit is wat ons moet *sh'ma*, *sh'mar* en *asah*!! Dan sal dit met ons in alle opsigte goed gaan ten spyte daarvan dat ons, soos Israel van ouds, beproef sal word!

Daarom het verlede week se Torahskriflesing begin met Moses se woorde:

Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12.

Om YHVH se Woord te *sh'ma*, te *sh'mar* en te *asah*, is om die regte keuses te maak! Daarom is Moses se woorde ook vandag vir ons ore bedoel:

²⁶Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor: ²⁷die seën as julle luister na en die opdragte van יהוה, julle God, wat ek julle vandag beveel, uitvoer ²⁸en die vloek as julle nie luister na die opdragte van יהוה, julle God en dit nie doen nie, maar wegdraai van die pad wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie. Deut. 11:26 tot 28.

Om seën te kies is om lewe te kies! – die lewe in Yeshua deur die onverdiende guns van YHVH ons God en Vader en om YHVH se Torah soos dit in die nuwe verbond vervul is nougeset gehoorsaam te wees.

Ons hele geloofslewe, vanaf die dag van wedergeboorte, bestaan uit keuses – die keuse tussen gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah. Maar onthou: YHVH eerbiedig elkeen se keuse!! Daarom: Kies met wysheid!!

Soos Moses vir oulaas die volk aan YHVH se Torah herinner het, kan ons ook vir 'n oomblik stilstaan en weer opnuut besin oor die keuse van gehoorsaamheid aan die Torah van Moses (die boek van die wet) of gehoorsaamheid aan die Torah van Yeshua van die nuwe verbond!

Maar onthou: Die Torah van Moses het Israel net in bewaring gehou tot die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Yeshua, naamlik die Torah van Yeshua van die nuwe verbond wat groter is as die Torah van Moses, sou kom (Gal. 3:24 en 25; 2 Kor. 3:7 tot 11).

Die eer, lof en grootheid van die geskrewe wet, naamlik die Torah van Moses, het vergaan en is vervang met die alles oortreffende eer, lof en grootheid van die Torah van Yeshua van die nuwe verbond!!

Ons moet verstaan dat wanneer YHVH-God ons die keuse gee tussen die seën (lewe) en die vloek (dood), verwys Hy eerstens na die keuse van geestelike lewe! Alleenlik wanneer ons die keuse maak van die geestelike lewe van wedergeboorte deur vertrouwe in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias, en waar dit gepaardgaan met gehoorsaamheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, en in die nuwe verbond uiteengesit word, sal dit in die fisiese realm manifesteer as oorfloed lewe van siel en liggaam.

Dit is in die lig hiervan wat Yeshua se woorde in Joh. 10:10 verstaan moet word:

Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorfloed daar ook al vir hulle is.

Die dief (Satan) het ‘wettige’ reg om te steel, dood te maak en te vernietig wanneer ons geestelike dood kies! Elkeen wat geestelike dood kies, gee vir Satan ‘toestemming’ om te kom steel, dood te maak en te vernietig. Dit is nie YHVH se wil vir jou nie, maar jou wil vir jouself! Moenie Satan of YHVH die skuld gee nie!

Die apostel Jakobus gee ons die ‘wenresep’ hoe om Satan te weerstaan:

⁷Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug. ⁸Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af! ⁹Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid. ¹⁰Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplig. Jak. 4:7 tot 10.

Eerstens is die volgorde belangrik, naamlik: Gehoorsaam eers vir YHVH – onderwerp jou aan Hom – en dan weerstaan jy Satan! En soos reeds genoem, is gehoorsaamheid aan Torah die logiese gevolg van vertrouwe in Yeshua as die Messias tot sondevergifnis. Tweedens is ons gesindheid belangrik, naamlik: Nader tot God in nederigheid met rein hande en harte wat getuig van opregte berou oor sonde!

Bepeins of Bespreek

1. Indien ons na die Jode (huis van Juda) se geskiedenis kyk sedert Yeshua se hemelvaart, dan moet ons die volgende vra: Is hulle verwerping van Yeshua nie die rede vir hulle smaad en verfoeiing deur al die eeue nie? Het Israel die vloek (dood) gekies toe hulle Yeshua verwerp het? Hoe sou Israel se geskiedenis verloop het indien hulle (die meerderheid geestelike leiers en bevolking) Yeshua aanvaar het as die Messias?

Om Beproof Te Word En Te Kies.

Julle moet יהוה, julle God, volg, Hom respekvol vrees, Sy opdragte hou, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou. Deut. 13:4.

YHVH gaan ons beproef deur situasies waar ons die keuse sal moet maak of ons Hom lief genoeg het om Hom te volg, respekvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou.

Uiteraard moet ons eerstens kies wie is die god wat ons dien en aanbid. Is dit die God van Abraham, Isak en Jakob wat Israel uit Egipte gelei het, of is dit 'n selfgemaakte afgod? Daarom is die eerste van die tien gebooie:

2“Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het. 3Jy mag geen ander gode voor My hê nie. Ex. 20:2 en 3.

Indien ons kies om hierdie God te dien dan moet ons 'n bewaker (*sh'mar*) van Torah wees deur dit te doen (*asah*) wat ons hoor (*sh'ma*) (Deut. 11:32; Deut. 12:28). Dit is om lewe te kies en dit is om YHVH se seëninge deelagtig te wees!!

Tweedens moet ons kies hoe ons Hom gaan dien. Die hoe word deur Moses in Deuteronomium hoofstuk 12 vir ons beskryf en word in verse 29 tot 32 opgesom.

29 Wanneer יהוה, jou God, die nasies waarheen jy gaan, om hulle te onteien, voor jou afsny en jy hulle onteien het en in hulle land bly, 30 let op, dat jy nie in die strik val om hulle te volg, nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien, dat ek dit ook so kan doen?’ nie. 31 Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode. 32 Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie

Ons liefde vir YHVH en medemens gaan op verskeie wyses ook beproef word – situasies waar ons sal moet kies. Hierdie beproewing gaan ondermeer kom of ons kan onderskei tussen ware profete van YHVH en die vals profete van Satan!

Vals Profete

Ons leef aan die einde van die eeue en daarom is Yeshua se waarskuwing van uiterste belang:

23Wanneer iemand dán vir julle sê: ‘Let op, hier is Die Gesalfde Een!’ of, ‘Daar!’ moet dit nie glo nie, 24want daar sal vals gesalfdes en profete van leuens opstaan en hulle sal groot tekens gee om, as dit moontlik was, ook die wat gekies is te mislei. Matt. 24:23 en 24.

In hierdie week se Torahskriflesing waarsku Moses ons ook teen valse profete in Deut. 13:1 tot 3.

1As 'n profeet of een wat drome droom tussen julle opstaan en julle 'n teken of 'n wonder gee 2en die teken of wonder kom waar wat hy jou gegee het met die woorde: ‘Laat ons agter ander gode aan loop, wat jy nie geken het nie en hulle dien, 3dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat drome droom nie, want יהוה, julle God, toets julle om te weet of julle יהוה, julle God, liefhet met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe. Deut. 13:1 tot 3.

Vals profete mislei mense weg van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) en om dus 'n ander god as YHVH te dien. Ons moet verstaan dat YHVH-God se Karakter en Outoriteit opgesom word in die tien gebooie. Daarom: Indien 'n profeet (of geestelike leier) een van die tien gebooie (soos die Shabbatgebod) as uitgedien beskou, verkondig daardie profeet 'n ander

god as die ware YHVH-God! Dit is inderdaad om te sê: *Laat ons agter ander gode aan loop!* Dit is gelykstaande aan die verkondiging van 'n ander evangelie (Gal. 1:8). Dit is die gees van die Antimessias wat ook met vals krag, tekens en wonderwerke mense sal mislei (1 Thess. 2:9 tot 12). Dit is hierdie gees wat in Simon die towenaar (Hand. 8:9 tot 23) en Bar-Y'hoshua, 'n towenaar en valse profeet (Hand. 13:6), gemanifisteer het.

Wanneer 'n valse profeet se bediening met tekens en wonders gepaardgaan, is die misleiding soveel groter, want mense is geneig om dit as bevestiging van die waarheid te beskou! So het Simon die towenaar mense mislei om te glo dat hy die groot krag van God is (Hand. 8:10)!

In dié verband voorsien die artikel: *Die Bonatuurlike en Misleiding*, meer inligting. Hierin word die volgende gevra en bespreek: Is alle bonatuurlike gebeure wat in die Christendom, en wat tydens hulle byeenkomste plaasvind, wel altyd die werking van die Gees van YHVH is? Anders gestel: Hoeveel bonatuurlike manifestasies is dalk die misleiding van Satan? Hierdie artikel kan afgelaai word by: [GB7.Aug13BonatuurlikeMisleiding](#).

Die misleiding van vals profete word so ernstig beskou dat volgens die Torah van Moses moet hulle doodgemaak word!

Dié profeet of dié man wat drome droom, moet doodgemaak word, want hy het rebellie verkondig teen יהוה, julle God, wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop het, om jou van die pad af te verlei waarop יהוה, jou God, jou beveel het om te loop. So moet jy die boosheid uit jou midde verwyder. Deut. 13:5.

Moses waarsku ook teen vals profete en hoe daar teenoor hulle opgetree moet word!

20 maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf. *21* Jy mag in jou verstand sê: 'Hoe sal ons die woord ken wat יהוה nie gepraat het nie?' *22* Wanneer 'n profeet in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה praat en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dít die woord wat יהוה nie gesê het nie; deur voorbarigheid het die profeet dit gesê; jy moenie vir hom bang wees nie. Deut. 18:20 tot 22.

Teen die einde van Yeshua se Bergpredikasie (Matt. 5:3 tot 7:29) rig Hy die volgende waaskuwing in Matt. 7:15.

Pas op vir die vals profete! Hulle kom in skaapsklere na julle toe, maar van binne is hulle plunderende wolwe.

Die vraag is dus: Wat is die Skriftuurlike definisie van 'n vals profeet? Hoe sal jy en ek 'n vals profeet onderskei van 'n ware profeet?

Eerstens, en baie belangrik: 'n Ware profeet word deur YHVH aangestel en is daarom God se afgevaardigde (verteenwoordiger) met 'n profetiese woord aan Sy volk (aan Israel). 'n Ware profeet bring die boodskap wat in YHVH se hart is sonder om dit te bevraagteken of om voorkeur aan eie begeertes te wil gee – soos wat byvoorbeeld Bileam gedoen het! 'n Ware profeet tree nooit in eie belang op nie!!

Ya'acov Natan Lawrence beskryf die bediening van 'n profeet soos volg:

A prophet is one who hears the word, heart and will – or oracles – of YHVH and accurately transmits what he has heard only to those to whom YHVH has told him to go, and only when and where he has been told to go. If that prophet does not follow YHVH's specific

instructions in this regard, then YHVH will hold him accountable. If he repents for his disobedience (like Nathan the prophet did when he told David to build the Temple, 2 Sam 7:3–17) then he will still remain a prophet before YHVH. If he does not repent, then YHVH considers him to be a false prophet and YHVH's judgment will come against that false prophet (e.g. Jer. 23:9–40). (<http://www.hoshanarabbah.org/pdfs/propheticmin.pdf>.)

'n Profesie is 'n boodskap wat deur YHVH geïnspireer is en is daarom 'n goddelike openbaring. Die Apostel Petrus stel dit soos volg:

19Vir ons is daar ook die waarheid van die profetiese woord, wat julle goed sal doen om na te kyk soos na 'n lamp wat in 'n donker plek skyn totdat die dag aanbreek en die son sal skyn in julle verstand, wil en emosie. 20Eerstens moet julle dít weet: geen profesie word uitgelê deur die een wat dit skryf nie, 21want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens gebring nie, maar wanneer deur die Gees wat Afgesonderd is beweeg, het die afgesonderde mense van God gepraat. 2 Pet. 1:19 tot 21.

'n Profeet is dus iemand wat boodskappe van YHVH ontvang – die goeie en die slegte; die bemoediging en die tugtiging – en dit aan ander oordra!

Tweedens: Valse profete soek die guns van mense – hulle wil die gehoor van die luisteraars streef!

want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streef, 2 Tim. 4:3

In Luk. 6:26 waarsku Yeshua ook teen die vleitaal van mense:

Wee julle wanneer die mense alles wat goed is van julle praat, want hulle vaders het die vals profete net so behandel.

Ons lees ook van die vleitaal van vals profete in Jer. 14:13 en 14

13Ek het egter gesê: “Ag, Meester, יהוה, kyk, die profete sê vir hulle: ‘Julle sal geen swaard sien en geen hongersnood hê nie, maar Ek sal vir julle 'n standhoudende vrede gee in hierdie plek.’” 14Toe het יהוה vir my gesê: “Die profete profeteer valsheid in My Naam (Karakter en Outoriteit). Ek het hulle nie gestuur, of hulle beveel of met hulle gepraat nie; hulle profeteer vir julle 'n vals visioen, waarsêery, nuttelosheid en die misleiding van hulle eie gedagtes.

In Jes. 29:13 leer ons ook hoe ons 'n vals profeet kan herken:

Toe het יהוה gesê: “Omdat hierdie volk naderkom met hulle woorde en My eer met hulle lippediens, maar hulle hul verstand, wil en emosie ver van My verwyder is en hulle respekvolle vrees vir My uit 'n aangeleerde tradisie bestaan.

Vals profete sal deur lippetaal YHVH vereer, maar hulle vrees vir YHVH is die gebooie van mense en die weiering om al tien gebooie van YHVH te onderhou!

Volgens bogenoemde kan ons dus onderskeid maak tussen 'n ware en 'n vals profeet. Indien hierdie saam gelees word met wat Petrus skryf ten opsigte van valse leraars, kry ons meer insae hoe om te kan onderskei tussen 'n ware profeet en 'n vals profeet.

15Toe hulle die regte pad verlaat het, het hulle afgedwaal en die pad van Bil'am, die seun van B'or, gevolg, wat die loon van die bose liefgehad het, 16maar bestraf is vir sy oortreding deur die stom donkie wat gepraat het met die stem van 'n mens en die malligheid van die

profeet verhoed het. 17Hulle is fontein sonder water; wolke gedryf deur 'n storm, vir wie die swartheid van die duisternis bewaar word, 18want wanneer hulle leë verskrikkinge kwytraak, verlei hulle, deur die vuil begeertes van die vlees, dié wat deur 'n paar woorde ontvlug het van hulle wat in misleiding se diens is. 2 Pet. 2:15 tot 18.

Bileam is ons voorbeeld van 'n vals profeet wat sy eie geregtigheid opgerig het en nie gewandel het volgens die geregtigheid van YHVH nie! Hy het sy eie belange bo die van YHVH gestel, want hy wou Balak tevrede stel. Bileam het die loon van ongeregtigheid (van die bose) liefgehad!

Die Grieks vir 'n vals profeet is *pseudoprophētēs* en volgens Thayer's Greek Definitions (G5578) beteken dit: *one who, acting the part of a divinely inspired prophet, utters falsehoods under the name of divine prophecies. Pseudo* beteken: *vals; vervals; voorgee; nagemaak; versinsel; oneg; ens.*

Die Hebreus vir ware profeet is *nabi* (נביא) en volgens Easton's Bible Dictionary is dit afkomstig van die grondwoord *naba* wat beteken *om te borrel soos 'n fontein*. Bileam word egter nie 'n *nabi* (profeet) genoem nie, maar 'n *kasam* wat *waarsêer (voorspeller; "soothsayer")* beteken (Jos. 13:22). Vals profete is waarsêers of voorspellers.

Ons lees van die bediening van 'n ware profeet ondermeer in Jer. 26:2 tot 6:

2" So sê יהוה: 'Gaan staan in die hof van die huis van יהוה en praat met al die stede van Y'udah wat kom om te aanbid in die huis van יהוה, al die woorde wat Ek jou beveel het om vir hulle te sê; laat geen woord weg nie! 3Miskien sal hulle luister en elkeen sal omdraai van sy verkeerde pad af sodat Ek jammer word oor die katastrofe wat Ek van plan is om aan hulle te doen weens die boosheid van hulle dade.' 4Jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "As julle nie na My luister nie: om in My wet te leef wat Ek voor julle gestel het; 5 om te luister na die woorde van My diensknegte, die profete, wat Ek na julle toe gestuur het om julle vroegtydig te waarsku, nie, (maar julle het nie geluister nie) 6dan sal Ek hierdie huis maak soos Shiloh en hierdie stad sal Ek 'n vervloeking maak vir al die nasies van die aarde.'" Jer. 26:2 tot 6.

In Klaag. 2:14 word die misleiding van 'n vals profeet beskryf:

Jou profete het vir jou valse en misleidende visioene gesien en hulle het niks van jou sondes aan jou openbaar sodat jy dit kan sien en omdraai en Ek jou kan terugbring uit gevangenskap, nie, maar het vir jou valse en misleidende profesieë gesien.

Ons leer ook in die Tanakh van die reaksie van mense teenoor 'n ware profeet:

7Die priesters, die profete en die hele volk het Yirmeyahu hierdie woorde hoor praat in die huis van יהוה. 8Toe Yirmeyahu klaar gepraat het, alles wat יהוה beveel het om vir die hele volk te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: "Jy moet sterf! 9Waarom het jy in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה geprofeteer en gesê: 'Hierdie huis sal soos Shiloh word en hierdie stad sal verlate wees, sonder inwoner?'" Die hele volk het rondom Yirmeyahu vergader in die huis van יהוה. 10Toe die amptenare van Y'udah hierdie dinge hoor, het hulle vanuit die huis van die koning opgegaan na die huis van יהוה en hulle het gaan sit by die ingang van die Nuwe Poort van die huis van יהוה. 11Toe het die priesters en die profete met die amptenare en met die hele volk gepraat en gesê: "'n Doodsvonnis vir hierdie man, want hy het geprofeteer teen hierdie stad, soos julle met jul ore gehoor het" Jer. 26:7 tot 9.

'n Profeet onder die ou verbond was nie 'n gewilde bediening nie, want sy hoofsaak was om die wat afgewyk het van YHVH se Torah te tugtig en te waarsku! Die bediening van profeet was 'n lewensgevaarlike "beroep" soos wat Yeshua dit ook bevestig het toe Hy gesê het:

Yerushalayim, Yerushalayim, jy wat die profete vermoor en dié wat na jou toe gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak en julle wou nie! Matt. 23:37.

Yeshua profeteer dat die vervolging van ware profete tot die einde van die eeue voort sal duur (Matt. 23:34 tot 36)!

³⁴Let op, om hierdie rede stuur Ek profete, wyse manne en leraars van die wet na julle toe en julle sal van hulle doodmaak en kruisig en van hulle in julle bymekaarkomplekke gésel en van stad na stad die ander vervolg ³⁵sodat oor julle al die onskuldige bloed wat vergiet is op die aarde kan kom, vanaf die bloed van die onskuldige Hevel tot by die bloed van Z'kharyah, die seun van Berekhyah, wat julle tussen die tempel en die altaar vermoor het. ³⁶Dit is waar, Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.

Vader-God gaan ons beproef met profete wat oor ons pad gaan kom. Gaan ons YHVH se maatstaf van 'n 'n profeet gebruik in ons besluit om te onderskei tussen 'n ware profeet en 'n vals profeet of gaan die profeet se goeie bedoelings, charisma en ander menslike hoedanighede ons besluit bepaal?

Waarom laat YHVH toe dat vals profete ons pad kruis? Die antwoord is in Deut. 13:3.

Julle God, toets julle om te weet of julle יהוה, julle God, lief het met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe!

Profete, Profesie en die nuwe verbond

Dit is alleen YHVH wat 'n persoon kies en aanstel in die amp van profeet. Soos YHVH Sy profete van die ou verbond gekies en in die amp aangestel het, so doen YHVH dit steeds in die nuwe verbond.

¹¹en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, ¹²om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een ¹³totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een. Efes. 4:11 tot 13.

Om profeet van die nuwe verbond te wees is een van die ampte van die vyfvoud bediening en een van die gawes van die Afgesonderde Gees.

⁷maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help. ⁸Daar word aan hom, deur die Gees, 'n boodskap van wysheid gegee, maar aan 'n ander 'n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees; ⁹aan 'n ander vertroue in hom deur die Gees, aan 'n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees, ¹⁰maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale. ¹¹Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil. 1 Kor. 12:7 tot 11.

Die einde van die eeue sal geken word deur 'n toename in vals profete. Daarom moet ons elke gees toets!

¹Julle, vir wie ons lief is, vertrou nie elke gees nie, maar onderskei die geeste of hulle vanuit God is, want baie vals profete het uitgegaan die wêreld in. ²Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit

God 3en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is.

Mag YHVH ons deur Sy Afgesonderde Gees help om die waarheid en die leuen – die ware profeet en die valse profeet – te kan onderskei!

Prophecy is True and Sacred and should never be mishandled by people who have no business speaking about Sacred Things in God's Name – Errol Anthony Smythe.

We can always be sure of one thing – that the messengers of discomfort and sacrifice will be stoned and pelted by those who wish to preserve at all costs their own contentment – Christopher Hitchens.

Bepeins of Bespreek:

1. Ons moet deeglik kennis neem van Yeshua se woorde in Matt. 7:21 tot 23!

21Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. 22Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige daade gedoen nie?' 23Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!'

Met die oordeel sal daar profete, geestelike leiers en gelowiges wees wat ook sal vra: *het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige daade gedoen nie?* En dan sal Yeshua hulle ook antwoord: *Gaan ver weg van My af!* Hierdie dien as ernstige waarskuwing dat profesieë en die uitdryf van demone en kragdige daade nie noodwendig die bewys is van die gesalfde van YHVH en van redding nie?

-O-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.